Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Parashah 25: *Tzav* (צוה) – Gee Opdrag

יהוה het met Moshe gepraat en gesê: "Beveel Aharon en sy seuns en sê: 'Dit is die wet van die brandoffer: die brandoffer moet die hele nag lank tot die oggend toe op sy vuurherd, op die altaar, bly en die altaarvuur moet aan die brand gehou word. Lev. 6:8 en 9 – PWL[1]

Torah: Lev. 6:8 tot 8:36 (Afrikaanse Ou Vertaling[2]).

Haftorah: Jer. 7:21 tot 8:3 en Jer. 9:22 en 23.

Hernieude Verbond: Mark 7:31 tot 8:38; Rom. 12:1 tot 2; Heb. 4:14 tot 5:10; 7:1 tot 28; 8:1 tot 6; 9:1 tot 28; 10:1 tot 39; 13:10 tot 14; 2 Kor. 6:14 tot 7:1; 1 Peter 1:14 tot 16; Ef. 6:10 tot 18.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 25 wat afgelaai kan word by: Parashah25Notas14 of deur dit aan te vra by kontak@nuwelied.info.

The reason why many are still troubled, still seeking, still making little forward progress is because they haven't yet come to the end of themselves. We're still trying to give orders, and interfering with God's work within us – A.W. Tozer.

What we love usually manages to get into our conversation. What is down in the well of the heart will come up in the bucket of the speech – Vance Havner.

YHVH doesn't choose the perfect; He perfects His chosen – Anonymous.

Midrash (Torah Bespreking)

Die oortreding van Torah (die wet) is sonde (1 Joh. 3:4) en is 'n 'besoedeling' wat 'n toestand van onreinheid veroorsaak en dus verwydering tussen YHVH en die oortreder van Torah tot gevolg het. Die doel van die offerandes was om die sondaar te reinig van sy sondeskuld. Ons het egter in verlede week se parashah geleer dat slegs twee van die offerandes verpligtend was, naamlik die Sondoffer (*Chatas*) en die Skuldoffer (*Asham*). Beide hierdie offerandes het te doen met onopstelike sonde wat begaan is. Die doel van hierdie offerandes was dus om die sondaar te reinig sodat hy weer in YHVH se teenwoordigheid kan staan in 'n verhouding wat herstel is.

Ons het ook geleer dat die ander drie offerandes, naamlik die Brandoffer (*Olah*), die Spysoffer (*Minchah*) en die Dankoffer (*Shlamim/shalam*) vrywillig was. Hierdie drie offerandes het getuig van dankbaarheid, oorgawe en toewyding.

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch
[2] In sommige vertalings begin die Torahskriflesing by Lev. 6:1

Soos ons in die vorige parashah geleer het, was die oorhoofse doel van die offerandes om nader aan YHVH te beweeg. Dit is dan die betekenis van die Hebreeuse woord vir offerande, naamlik *korban* wat afgelei is van die grondwoord *karov* en wat *toenadering, om naby te kom* en *om 'n verhouding aan te knoop* beteken. Die offerandes is op die brandofferaltaar in die binnehof geoffer, maar die bedoeling was om die gelowige tot in die teenwoordigheid van YHVH te bring. Hierdie week se parashah *Tzav* is 'n voortsetting van hierdie onderrig en instruksies.

Verlede week se Torahskriflesing (*Vayikra*) het begin met die woorde: *Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle...* (Lev. 1:2). Die fokus was dus op die volk en elke individu se betrokkenheid by die offerandes, maar met die hulp van die priesters. Hierdie week egter, begin ons parashah met die woorde: *Gee bevel aan Aäron en sy seuns en sê...* (Lev. 6:8). Die fokus het nou verskuif na die priesterorde en hulle rol in hulpverlening met die offerandes wat deur die volk gebring word. Daarom sien ons 'n mate van herhaling ten opsigte van die onderrig en instruksies van die offerandes in hierdie week se Torahskriflesing.

Maar ons moet onthou dat die priesters is aangestel as die middelaar tussen YHVH en die volk en tussen die volk en YHVH. Hulle was in die diens van YHVH, maar ook in die diens van Israel. Hulle is die verantwoordelikheid en taak gegee om te sorg dat die volk voortdurend nader aan YHVH beweeg! Elke priester het direk onder die gesag van YHVH gestaan, terwyl Aäron as die hoëpriester YHVH verteenwoordig het.

Daarom handel Levitikus hoofsaaklik oor die verpligtinge van die priesterorde ten opsigte van veral die hantering van die offerandes, asook die onderrig en instruksies vir 'n afgesonderde (heilige) en ordelike samelewing waar die volk eendragtig (as eensgesind) voortdurend in YHVH se Teenwoordigheid kan lewe om Sy seëninge te ontvang.

Hierdie is YHVH se bloudruk (templaat, gietvorm) van die gesagstruktuur vir Sy volk, naamlik: 'n Hoëpriester, 'n priesterorde en 'n volk wat eendragtig (eensgesind) in YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid lewe. Hierdie bloudruk is later aangepas (uitgebrei) toe Israel ook 'n koning gekry het. Hierdie koning sou deur YHVH self aangestel word.

Wanneer jy in die land, wat יהוה*, jou God, jou gee, kom, dit besit, daarin woon en dan sê: 'Ek wil 'n koning oor my aanstel soos al die nasies wat rondom my is,' dan moet jy 'n koning wat* יהוה*, jou God, sal kies, oor jou aanstel; een vanuit jou broers moet jy as koning oor jou aanstel; jy mag geen buitelander, wat nie jou broer is, oor jou aanstel nie.* Deut. 17:14 en 15 – PWL.

Een Koning, Een Hoëpriester en Een Priesterorde

YHVH se 'organisasie struktuur', naamlik Sy Torahregering, behels dus 'n koning, 'n hoëpriester en 'n priesterdom almal wat direk aan YHVH verantwoord en met die taakomskrywing (visie) om YHVH se Koninkryk hier op aarde te vestig.

YHVH se Torahregering is dus wat vandag bekend staan as 'n teokrasie! Met die wederkoms van Yeshua sal hierdie Torahregering (teokrasie) volgens YHVH se bloudruk funksioneer en sal alle volke hulle daaraan moet onderwerp!

Die vraag is egter of hierdie organisasie struktuur in die huidige dispensasie bestaan en funksioneer? En indien dit wel bestaan en funksioneer is die vraag of dit in die fisiese realm is en of dit in die geestelike realm is?

Eerstens moet ons onthou dat daar slegs een koning, een hoëpriester en een priesterdom moet wees! Meer as een koning op enige tydstip sal verdeeldheid bring, want dan sal daar meer as een volk wees!

En as 'n koninkryk teen homself verdeeld is, kan daardie koninkryk nie bly staan nie; en as 'n huis teen homself verdeeld is, kan daardie huis nie bly staan nie. Mark. 3:24 en 25.

So ook sal daar verdeeldheid wees indien daar meer as een hoëpriester en meer as een priesterdom is! Onthou: Die taak van die hoëpriester en die priesters is om die volk geestelik te lei om nader aan YHVH te kom en Hom alleen te aanbid en te dien.

Israel se geskiedenis bevestig dat meer as een koning, asook meer as een hoëpriester en priesterdom verdeeldheid bring.

Toe die tien stamme van die huis van Efraim opstandig geword het teen koning Rehabeam, die seun van Salamo, het hulle Jerobeam hulle koning gemaak. Nou was daar twee konings en dit was die begin van die verdeeldheid tussen die Suidelike Koninkryk, naamlik die huis van Juda, en die Noordelike Koninkryk, naamlik die huis van Efriam.

Koning Jerobeam het egter besef dat hy slegs die lojaliteit van die huis van Efraim aan hom sal kan verseker indien hy ook vir hulle 'n tempel en priesterdom soortgelyk as die in Jerusalem kan bied. Indien hy dit nie sou doen nie, sou die volk gereeld met die feestye na Jerusalem opgaan en sodoende weer lojaal aan koning Rehabeam word. In 1 Kon. 12:26 tot 33 lees ons dan wat Jerobeam gedoen het.

En Jeróbeam het in sy hart gesê: Nou sal die koningskap na die huis van Dawid terugkeer: as hierdie volk opgaan om offers te bring in die huis van YHVH in Jerusalem, dan sal die hart van hierdie volk terugkeer na hulle heer, na Rehábeam, die koning van Juda, en hulle sal my om die lewe bring en teruggaan na Rehábeam, die koning van Juda. Daarom het die koning raad gehou en twee goue kalwers gemaak en aan hulle gesê: Julle het lank genoeg opgegaan na Jerusalem – hier is, o Israel, jou gode wat jou uit Egipteland laat optrek het! En die een het hy in Bet-el opgerig en die ander in Dan opgestel. En hierdie saak het tot sonde geword; ja, die volk het voor die een gaan aanbid tot by Dan. Hy het ook tempels van die hoogtes gebou en priesters aangestel uit al die dele van die volk wat nie uit die seuns van Levi was nie. En Jeróbeam het 'n fees gehou in die agtste maand, op die vyftiende dag van die maand, soos die fees wat in Juda was, en op die altaar geklim. So het hy in Bet-el gedoen en geoffer aan die kalwers wat hy gemaak het, en ook in Bet-el priesters aangestel vir die hoogtes wat hy gemaak het. En hy het geklim op die altaar wat hy in Bet-el gemaak het, op die vyftiende dag in die agtste maand, in die maand wat hy uit sy eie hart versin het, en vir die kinders van Israel 'n fees ingestel en op die altaar geklim om offerrook te laat opgaan.

Nou was daar twee volke met twee verskillende godsdienste! Die een, die huis van Juda, het nog die ware God van Abraham, Isak en Jakob aanbid en die ander, die huis van Efraim, het in afgodery verval.

Die logiese gevolgtrekking is dus dat ons slegs een volk, naamlik YHVH se eindomsvolk, kan wees indien daar een koning, een hoëpriester en een priesterdom is aan wie die hele volk hulle onderwerp. Alleenlik dan kan ons 'n afgesonderde (heilige) volk wees wat eendragtig (as eensgesind) voortdurend in YHVH se Teenwoordigheid sal lewe om Sy seëninge te ontvang. Maar, en baie belangrik, hierdie aanstellings moet deur YHVH self gemaak word!

Die vraag is dus: het YHVH ‘n Koning aangestel en het YHVH ‘n Hoëpriester en ‘n priesterdom aangestel? Die antwoord is ‘n besliste ‘Ja’!! Yeshua is deur YHVH gekies en aangestel as Ewige Koning en Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek!

As daar dus volledige afhandeling deur die Levitiese priesterskap was, waardeur die geskrewe wet vir die mense vasgestel is, waarom was dit nog nodig dat ’n ander nie-Levitiese priester moes opstaan, volgens die beeld van Malki-Tzedek? Sê dit dat Hy volgens die beeld van Aharon sal wees?
*Net soos daar ’n verandering in die priesterskap gekom het, net so was daar ’n verandering in die reëls, want Hy van Wie hierdie dinge gesê word, behoort aan ’n ander stam, waaruit niemand nog ooit by die altaar bedien het nie, want dit is bekend dat ons Meester vanuit Y’hudah opgegroei het; ’n stam waarvan Moshe niks aangaande die priesterskap gesê het nie. Nog baie duideliker is dit: dat hy sê dat ’n ander nie-Levitiese Priester volgens die beeld van Malki-Tzedek opstaan. Hy wat dit nie was volgens die wet van opdragte, na die liggaamlike, nie, maar deur die krag van lewe wat nie vernietig word nie, want Hy getuig aangaande Hom: “U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek,” want daar was eers ’n verandering aan die orde weens die onvermoë daarvan en dat daar geen voordeel in was nie, want die geskrewe wet het niks tot sy einddoel gebring nie, maar ’n versekerde verwagting het in sy plek ingekom, waarin ons tot God nader, wat beter is as dit. Hy het dit aan ons bevestig deur ’n eed, want húlle was priesters sonder ’n eed, maar Hy met ’n eed, soos wat Hy, deur Dawid, van Hom gesê het: “*יהוה *het ’n eed gesweer en Hy sal nie lieg nie: U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek,” waarvolgens Yeshua van ’n baie beter verbond die waarborg is.*
Hulle het priesters geword in groot getalle omdat hulle deur die dood verhinder is om voort te gaan, maar omdat Hy ewig is, gaan Sy nie-Levitiese Priesterskap nie verby nie en kan Hy ewige lewe gee aan hulle wat deur Hom naderkom na God toe, want Hy leef vir altyd en offer gebede in ons plek, want so ’n nie-Levitiese Hoofpriester is ook reg vir ons, rein, sonder boosheid, sonder ontering, wat afgesonderd is van sonde en wat hoër as die hemele opgelig is; wat nie nodig het, soos die vorige hoofpriesters, om elke dag vir Sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die mense nie, want Hy het dit eenmalig gedoen deur Sy lewe te offer, want die wet stel mense met swakhede as hoofpriesters aan, maar die boodskap van die eed, wat ná die wet is, stel die Seun aan, wat vir ewig die doel bereik. Heb. 7:11 tot 28 – PWL.

Ons moet ernstig kennis neem van die feit dat Rabbynse Judaïsme nie Yeshua as Hoëpriester aanvaar nie en daarom aanvaar hulle ook nie die Melgisedek priesterorde nie!

Met die aankoms by Sinai lees ons wat YHVH aan Israel gesê het:

As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. En júlle sal vir My ‘n koninkryk van priesters en ‘n heilige nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel. Ex. 19:5 en 6.

YHVH se plan is ‘n koninkryk van priesters wat afgesonder (heilig) en onderdanig aan Hom sal lewe! Die Apostel Petrus bevestig dit:

Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is, maar by God uitverkore en kosbaar is; en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot ‘n geestelike huis, ‘n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Yeshua die Gesalfde Een. Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion ‘n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie. Vir julle dan wat glo, is Hy

kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die woord: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword; en: 'n Steen des aanstoots en 'n rots van struikeling— vir dié wat hulle daarteen stamp, omdat hulle aan die woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is. Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is. 1 Pet. 2:4 tot 10.

YHVH se plan is dus nog steeds dat sy volk 'n koninklke priesterdom moet wees volgens die orde van Melgisedek!

Vir Rabbynse Judaïsme het Yeshua 'n steen des aanstoots en 'n rots van struikeling geword, omdat hulle die woord (Yeshua) ongehoorsaam is.

Die bou van die derde tempel wat waarskynlik in die afsienbare toekoms sal begin, asook die eerste offers op die voltooide brandofferaltaar wat binnekort sal plaasvind, sal alles onder toesig van Rabbynse Judaïsme en 'n Levietiese priesterorde plaasvind. Daar sal geen erkenning aan Yeshua as Koning en Hoëpriester gegee word nie en ook nie aan priesters volgens die Melgisedekorde nie.

YHVH se volk Israel is in twee geskeur, want nou moet elkeen kies onder watter Hoëpriester se gesag hy of sy gaan staan. Die hoëpriester volgens die orde van Levi of die Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek? Eenheid sal slegs haalbaar wees wanneer die hele Israel Yeshua as Hoëpriester aanvaar en daarmee saam die Melgisedek priesterorde!

Intussen moet ons wat glo in Yeshua as die Messias tot versoening met YHVH, onsself organiseer om te funksioneer volgens die orde van Melgisedek met Yeshua as Koning en Hoëpriester en ons as 'n koninklike priesterdom.

Ons moet ook onthou dat die Melgisedek priesterorde het die tabernakel en die Levitiese priesterorde baie jare voorafgegaan. So lees ons ten opsigte van Abraham:

En Melgisédek, die koning van Salem, wat 'n priester van God, die Allerhoogste, was, het brood en wyn gebring en hom geseën en gesê: Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde. En geseënd is God, die Allerhoogste, wat u vyande in u hand gegee het. Toe gee hy hom die tiende van alles. Gen. 14:18 tot 20.

Aangesien die priesterorde van Melgisedek lank voor die tabernakel en Levitiese priesterorde bestaan het, het dit nie 'n tempel nodig om te funksioneer nie. Daarom was die Melgisedek priesterorde steeds geldig al was die tempel vernietig en is dit steeds geldig vandag.

Ons leef in die dispensasie waar ons onder die gesag van een Koning en een Hoëpriester staan, naamlik Yeshua ons ewige Koning en Hoëpriester en waar ons as gelowiges in Yeshua wat Torah-gehoorsaam lewe, deel is van die Melgisedek priesterorde. YHVH se regeringstruktuur funksioneer reeds in die geestelike realm en deur Sy hemelse Koninkryk hier op aarde te vestig, sal die geestelike wel fisies manifisteer. Daarom is ons stryd hoofsaaklik geestelik:

want julle geveg is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die heersers, teen die outoriteite, teen die heersers van hierdie wêreld van duisternis en teen bose geeste onder die hemel. Efes. 6:12 – PWL.

Met die wederkoms van Yeshua sal YHVH se regeringstruktuur egter in die fisiese realm ten volle funksioneer!

Bepeins of Bespreek

1. Gaan YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid die derde tempel vul soos wat dit die geval was met die tabernakel (Ex. 40:34 en 35) en die eerste tempel (1 Kon. 8:10 en 11; 2 Kron. 7:1 en 2)?

2. Indien die derde tempel gebou word, en indien daar ‘n Levitiese orde onder die toesig van Rabbynse Judaïsme dienswerk verrig, en indien jy glo dat dit alles met YHVH se seën gedoen is, is die vraag of jy gehoorsaam gaan wees ten opsigte van Torah se vereiste vir die gee van tiendes om die tempel en die Leviete te onderhou? Sal jy, indien dit enigsins in jou vermoë is, drie keer per jaar met die feestye na Jerusalem en die tempel gaan soos wat Torah ons beveel?

3. Die volgende moet ook in gedagte gehou word, naamlik: die tweede tempel het nie ‘ten volle gefunksioneer’ nie, want daar was geen verbondsark in die Allerheiligste nie! So byvoorbeeld kon YHVH se onderrig ten opsigte van die wyse wat *Yom Kippur* (Dag van Versoening) gedenk moet word nie ten volle onderhou word nie! Die vraag is dus of die tweede tempel nie slegs ‘n ‘tussentydse’ doel gedien het nie tot Yeshua gekom het? Die volgende verduideliking van Norman Willis maak sin en behoort oorweeg te word:

   > *Before we go further, let us understand the difference between anointing and commissioning. An anointing means YHWH has chosen one to do a certain job in Israel, whereas an active commissioning means one is supposed to be holding that position at that time.*
   >
   > *First Samuel 16:12-13 shows us how Shemuel anointed David as the future king of Israel, even while King Shaul still had the active commission as king.*
   >
   > *Even though David was already selected and anointed as the future king of Israel, King Shaul was holding down the job; and so it was only after King Shaul had died that David was ‘put onto active commission’ as the current King of Israel. Shemuel Bet (2nd Samuel) 2:4*
   >
   > *If we understand this concept of active commissioning, then we can have a better understanding of Acts Chapter Twenty-One, which shows us that the apostles continued to offer up sacrifices in the Temple according to the Levitical Law even many years after Yeshua’s death, burial and resurrection. Ma’asei (Acts) 21:23-24.*
   >
   > *Yeshua was commissioned according to the Order of Melchizedek (rather than the Order of Levi) so that when the Temple was destroyed, He and the apostles would still be able to serve as priests. Yet as long as the Temple stood, the apostles continued to keep the Levitical sacrifices in the Temple according to the Levitical Law. This is because the Rabbinical (i.e. Levitical) Order was still on active commission.*
   > (Torah Government, p89-99, Nazerene Israel, http://www.nazareneisrael.org/wordpress/wp-content/uploads/2012/11/Torah-Government-v1.33-Home-Printable.pdf).

   Was die tweede tempel slegs ‘commisioned’ en nie ‘anointed’ nie? Was die tweede tempel slegs aangewys om tydelik te funksioneer tot die Gesalfde Een gekom het – die Een wat van die begin af die Priester en Koning volgens die orde van Melgisedek was?

4. Is YHVH se plan van ‘n koninklike priesterdom in Yeshua vervul? Verwys Ex. 19:5 en 6 en 1 Pet. 2:9 en 10.

5. Was en is die dissipels die priesters volgens die Melgisedekorde? Was en is die vyfvoud bediening van apostels, profete, evangeliste, herders en leraars die wyse wat die priesters diens verrig het en steeds diens verrig sonder ‘n tempel tot Yeshua self die tempel sal herbou in die Millennium?

Die Een wat afgekom het, is dieselfde Een wat opgegaan het ver bo al die hemele sodat Hy alles kon herstel en Hy het sommige as afgevaardigdes, sommige as profete, sommige as boodskappers van die goeie boodskap en sommige as herders en sommige as leermeesters gegee, om die afgesonderdes volledig te maak vir hulle dade in die bediening tot opbouing van die liggaam van Die Gesalfde Een totdat ons almal een sal wees in vertroue en in kennis van die Seun van God, een man, tot die mate van die volgroeidheid van Die Gesalfde Een. Efes. 4:10 13 – PWL.

Die huis van Juda en die huis van Efraim kan slegs een word indien beide slegs een, asook dieselfde, Koning en Hoëpriester dien en daar slegs een priesterorde is. Hoe naby is ons aan die vervulling van hierdie profesie van eenwording volgens Esegiël 37?

-o-o-o-o-o-o-o-

Shalomgroete.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.